Sondag **24 Maart**

**Skrifgedeelte: Hebreërs 10:26-31**

**Fokusgedeelte: Hebreërs 10:26, 29 (AFR33/53/83)**

**’n Genadige waarskuwing**

Ons het toegang tot God deur Jesus Christus wat eens en vir altyd vir ons sondes betaal het en vir ons voor God verskyn. Daarom kan ons tot God nader en voor sy aangesig leef met geloof, hoop en liefde. In ons fokusgedeelte vandag vind ons ’n baie ernstige waarskuwing. Nie alleen is dit nodig dat ons positief aangespoor en bemoedig moet word om op God se pad te bly nie. Ons moet ook ernstig gewaarsku word.

Die mense van wie ons hier lees, het kennis van die waarheid. Hulle weet van die offer van Jesus Christus; dat Hy soveel uitnemender is as die Ou-Testamentiese offers. Tog glo hulle nie in Jesus nie en vertrou nie sy offer as voldoende om hulle in die regte verhouding met God te stel nie. Die bewyse dat hulle nie glo nie, word gevind in hulle opsetlike sondes. Hulle sondig gewillig, sonder berou en bekering.

As die Here jou verlos het en jou in die regte verhouding met God geplaas het, dan wil jy ook reg voor God lewe. Jy verafsku die sonde en wil dit nie opsetlik doen nie. Wanneer jy sondig, struikel en val, neem jy juis jou toevlug tot Jesus Christus en sy bloed en soek jy net op grond daarvan vergifnis by God.

Wie kennis het, maar nie glo nie en dit dan wys deur opsetlike sondes, vertrap die Seun van God, minag sy bloed en beledig die Gees van genade.

Die waarskuwing hier is baie hard, maar dit is tog genade. Ons word nou al gewaarsku, voordat die oordeelsdag aangebreek het. Dit moet ons tot ernstige selfondersoek bring of ons nie met ’n valse sekerheid leef nie; of ons werklik glo, nie net kennis van die waarheid het nie, maar Jesus Christus en sy eenmalige offer ook vertrou. Dan sal ons nie opsetlik bly sondig nie.

*Sing: Psalm 25-1:1, 5, 6*

*Ds. ASA (Stefaans) de Bruyn (Wilropark)*